NOORDELIKE SINODE NUUSBRIEF verskil

Ek wil asb **inteken op Verskil** / **Kanselleer asb my intekening** op Verskil

- **Webblad:** www.noordsin.co.za
- **Facebook**: https://www.facebook.com/noordsin/
- **Kampterreine:**
  - **Badseloop**: *Vir besprekings, kontak* ***Franscois Genis****, 071 777 9302, epos badseloopjeugkamp@gmail.com*
  - **Emmarentia Geldenhuys (AcaDeo)**: *nuwe webwerf:* www.egst.co.za
  - **Magaliesberg:** ***Willem Rautenbach*** *- 0717916039 of magaliesbergjeugkamp@gmail.com of Facebook by https://www.facebook.com/magaliesbergjeugkamp/*

22 Junie 2018
Nr 21/2018

**Neem asseblief kennis dat in die lig van die skoolvakansie,
die volgende uitgawe van Verskil eers weer
Vrydag, 20 Julie 2018 op jou skerm sal verskyn!**

Warm nuus!

Algemene Sinode: Taakspan vir Missionale Ekklesiologie

Jana de Lange (Universiteitsoord en lid van dié taakspan) bring die volgende onder julle aandag:
Dié taakspan het die opdrag ontvang om die projek oor *hoe evangelisasie in 'n missionale kerk lyk*, te bestuur. In hierdie fase van die projek word inhoud versamel tov beelde/simbole/metafore wat die goeie nuus van die Evangelie verduidelik.

Gemeentes in die Noordelike Sinode word versoek om die ***aangehegte terugvoerblad*** in te vul en dit asseblief teen ***29 Junie 2018*** aan **innovation@sun.ac.za** terug te stuur.

Nuus uit die kantoor van die Algemene Sinode

Gedragskode en Gronddebat

Gustav Claassen [Algmene Sekretaris] skryf op 16 Junie 2018 die volgende:
"Ek wil graag twee sake onder jou aandag bring:

Eerstens, daar is 'n Gedragskode vir Godsdiens hierby aangeheg asook 'n begeleidende brief van prof Pieter Coertzen. Klik hier om die brief af te laai. Dit sal gaaf wees as jy en jou kerkraad die dokument kan deurlees en kommentaar kan lewer.

Vanuit die kantoor is jy goed op hoogte gehou van voorstelle deur die CRL Rights Commission wat kan lei tot die regulering van godsdiens. Die kerk het van sy kant af die gedagte van die regulering van godsdiens afgewys en stel 'n gedragskode voor waaraan godsdienstige groepe moet voldoen. Klik hier om die dokument af te laai.

Indien jy enige kommentaar het, sal dit gaaf wees as jy dit kan deurstuur. Dit sal help om die dokument te verfyn.

Tweedens, die gronddebat is aan die gang. Die NG Kerk wil graag reageer op die uitnodiging om kommentaar daarop te lewer.

In die voorbereiding van die NG Kerk se dokument het ons met landbou- en politieke organisasies asook ander belanghebbendes oor hierdie saak gesels.

Klik hier vir die kommentaar van die NG Kerk oor die gronddebat. In hierdie dokument maak die NG Kerk dit duidelik dat:
• hy teen die verandering van die grondwet is;
• hy teen onteiening sonder vergoeding is;
• die beskerming van voedselsekerheid van die uiterse belang is;
• daar gekyk moet word na modelle wat reeds goed werk;
• daar gekyk moet word na redes vir die mislukking van grondhervorming tot dusver.

Verder vra ek dat julle nie net vir die Springbokke sal duim vashou nie. Vir die volgende week is ek in Genève waar die WRK-vergadering sal besluit waar die volgende algemene vergadering van dié liggaam sal plaasvind. Die NG Kerk is saam met die EKD van Duitsland op die kortlys. Indien ons aangewys word, sal die vergadering met sy 6 000 verteenwoordigers in 2021 in Kaapstad gehou word. Dit is 'n fantastiese geleentheid, nie net vir ons nie, maar vir alle kerke in Suid-Afrika."

Sinodenuus

❖ Taakspan Missionaliteit

Hannes Bezuidenhout [die taakspanleier], nooi graag persone wat op hierdie taakspan wil dien uit om hom te kontak by hannes@ngnoord.co.za of skakel by 083 382 1275.

❖ Bybel-lees met 'n verskil

Die **volgende byeenkoms** vind op **26 Junie 2018** om 11:00 by **Blue Crane Restaurant** plaas.
Skriflesing: Maleagi 1.
Navrae: Fanie Cronje (083 415 1452) en Kobus Myburgh (083 227 7185)

Neem asseblief ook kennis van die volgende byeenkomste wat gedurende die skoolvakansie plaasvind:

- ***3 Julie 2018*:** Maleagi 2
- ***10 Julie 2018*:** Maleagi 3 & 4.

Kolleganuus

❖ Hospitaal

Stefan Strydom [Dalunie] het onlangs 'n nekoperasie ondergaan.
Piet Meiring (emeritus) het 'n knievervanging ondergaan.
Toon van der Merwe (emeritus) is Maandag geopereer.

❖ Verjaarsdagwense *Hartlik geluk aan die volgende persone met die herdenking van hul geboortedag:*

24/06 Fanie Joubert [Emeritus, 073 894 0725, jmcjoubert@gmail.com]
26/06 Albert Munnik [Emeritus, 083 335 5665]
28/06 Eddie de Waal [Daspoort, 076 604 9177, eldugar@gmail.com]
Jannie du Plessis [Emeritus, 082 603 2863, dupja@lantic.net]
29/06 Tienie Bosman [Stellastraat, 083 627 5086, tienie@stellastraat.co.za]
Attie van Niekerk [Emeritus, 082 856 1942, attievn@gmail.com]

****

29/06 Anneke Steyn [Rustenburg-Suid, 082 851 7310, riaan-steyn@lantic.net]

30/06 Lindy Bootha [Magalieskruin, 082 786 4834, priester79@gmail.com]
Lourens Grobler [Pierneef, 076 841 1568, paullet@ngkpierneef.co.za]

Gemeentenuus

❖ **Verjaarsdae:** *Baie geluk!*
Wonderboompoort [Gestig: 24/06/1950]
Sanddrift [Gestig: 24/06/1944]
Ellisras-Wes [Gestig: 25/06/1980]
Rietfontein-Noord [Gestig: 27/06/1952]
Waverley [Gestig: 28/06/1952]

❖ **Waverley:** **Kevin Leo optrede - Ten bate van Vergenoeg Tehuis vir Seniors**
Datum: ***23 Junie 2018*** (19:30)
Toegang: Volwassenes – R120.00; Skoliere – R60:00; Voorskools – Gratis.
Navrae: 072 289 7048

❖ **Mootvallei**: **Zama-Zama Hope 4 U Foundation – Vakansieprogram**
Datum: *2-6 Julie 2018* [08:00-14:00]
Waar: NG Mootvallei, h/v Morgan en Louis Trichardt
Die vakansieprogram is gratis vir elke kind en vrywilliger.
Kontak: Jan-Mari du Toit by 071 687 0357

❖ **Universiteitsoord:** **25ste Kaskarkermis**
Datum: *27 Julie 2018*
Kom deel in groot pret saam met die studente van Universiteitsoordgemeente by ons jaarlikse basaar met 'n verskil. Soos in die verlede word die fondse wat ingesamel word vir die studentebediening aangewend.
Buiten kaskarrenne vir laerskool-, hoërskool- ope en studentespanne, is daar groot pret vir die jongspan en wonderlike stalletjies met heerlike geregte en ander vars produkte.
Stalletjies open reeds om 13:00 en sal oop bly tot 22:00.
Vir meer inligting kontak Marius by 082 789 7963 of Petra by die kerkkantoor 012 362 0663/4.

❖ **Overkruin**: **Wen 'n jagpakket by die Kaiingfees!!**
'n Jagpakket ter waarde van R19 300.00 word aan die gelukkige wenner oorhandig. Dit is geldig vir enige naweek gedurende Augustus 2018.
Slegs 200 kaartjies *is beskikbaar teen R200.00 per inskrywing*.
Die wenner sal getrek word by die **Hervormde Kerk Wonderboom se Kaiingfees** op ***28 Julie 2018*** om 12:00 op die kerkterrein [Marjoramlaan 84, Wonderboom]
Vir meer inligting kontak 082 459 1474.

❖ **Jan Niemandpark**: **Kraakvars Classics**
'n Lig-klassieke produksie vir die kieskeurige musiekliefhebber met verskeie gaskunstenaars en die Capital Filharmoniese Orkes onder leiding van Schalk van der Merwe.
Datum: Sondag***, 26 Augustus 2018*** om 16:00
Waar: Choose Life Ouditorium, Rubensteinrylaan 589, Moreletapark.
Kaartjies en meer inligting: 083 289 1869, danievr@lantic.net @ R200-R250.

Ander nuus

❖ **Excelsus:** **Kursusse**
- **Oggendsimposium met Nancy Schongalla-Brown** *[Director of Student Counselling, Princeton Theological Seminary]*

Tema: Spiritual and Emotional Health in Full Time Ministry
Datum: ***7 Augustus 2018*** [08:30-13:00]
Waar: Stellastraat (Suidoos-Pretoria)
Koste: R120 [sluit teen/koffie en ligte middagete in]
RSVP: excelsus@up.ac.za / 012-420 6738
VBO: 3 punte
Program:
Session 1: Growing into your created self
Session 2: Developing emotional intelligence for healthy living
Session 3: "Reading" you self and seeking care.

- **Johan Heyns Gedenklesing:** *Dagboek asseblief hierdie datum…*
  Datum: ***23 Augustus 2018*** [17:30 vir 18:00]
  Waar: UP Senaatsaal
  Spreker: Dr Allan Boesak
  'n Formele uitnodiging sal binnekort uitgestuur word.

❖ Nuusbriewe

- **CLF-nuus – Twee splinternuwe publikasies word bekend gestel:**
  Die eerste ***Christus bly ons Hoop*** (Herman Breytenbach) is 'n verrykende studie wat aansluit by die vernedering en verhoging van Christus, die blywende bron van gelowiges se hoop. Die boek handel oor Filippense en is 'n toevoeging tot die bestaande publikasies "Matteus, volg my" en die "Evangelie van Johannes". Die boek kan vir persoonlike geloofsgroei of Bybelstudie gebruik word.

  Die tweede publikasie is ***From my own to the unknown and back to my own***. Die titel plaas die klem op die praktiese reis na interkulturele verhoudings. Die denke hieragter het baie te make met die transformasie/verandering van onsself wat plaasvind tydens die reis met die onbekende.

  Skakel CLF by (021) 873 6964 of epos order@clf.co.za om jou bestelling te plaas.

Gebedslys

Hiermee ***'n vriendelike uitnodiging aan ons lesers*** *om enige* ***sake vir voorbidding*** *aan ons te stuur by hermien@noordsin.co.za.*

- Mense op die land se paaie tydens die vakansietyd.
- Ringsittings wat in hierdie tyd plaasvind.
- Algemene verkiesing in Zimbabwe [30 Julie 2018].

Vakatures, aflosposte en aflos-aanbiedinge

❖ Pierneef: Vakature: **Deeltydse Jeugwerker** [Kontraktermyn: 1 jaar]

Die suksesvolle kanidaat sal verantwoordelik wees vir die organisering van die jeugbediening van Voorskoolse- tot Hoërskoolkinders in samewerking met die Kerkraad en die Predikant.
Aansoeke: Rig alle CV's aan: kantoor@ngkpierneef.co.za
Sluitingsdatum: *30 Junie 2018.*
Aanstellingsdatum: ***17 Julie 2018***
Navrae: Ds Paullet Grobler (076 841 1568) of die Kerkkantoor (072 137 4407)

❖ Rustenburg-Wes: Vakature: **Vaste termynpos vir leraar** [1 jaar, met opsie om te hernu]

- Gelegitimeerdes van die NG Kerk wat ampspligte sal nakom soos omskryf, met Artikel 9 van die Kerkorde as Riglyn.
- 'n Persoon wat onder leiding van die Heilige Gees, Skrifgetrou, dinamiese Woordbediening en prediking baseer op die Gereformeerde leer.
- 'n Persoon wat kan help om gemeentestrukture te vestig aangesien die Gemeente in 'n oorgangsfase is.
- Iemand wat 'n herder vir die Gemeente kan wees en moeite sal doen met pastorale ondersteuning en huisbesoek.

Aansoeke: Rig alle CV's aan: ngwesrust@telkomsa.net

Sluitingsdatum: *31 Julie 2018.*
Aanstellingsdatum: ***1 September 2018***
Navrae: Dr Hennie Kotze (konsulent) 082 615 7272; Johan Meyer (leier ouderling) 083 775 7813; Willie van Aswegen (ouderling) 083 232 1129

❖ UP Fakulteit Teologie:

- **Gelegitimeerde proponent 2016**
  Bernard Barnard [072 275 7392, bernard.barnard@hotmail.com]
  Eddie Brown [082 305 3972, malmaneddie@gmail.com]
  Berenice Esterhuyzen [072 794 5928, aesterhuyzen@clinix.co.za]
  Danielle Laubscher [082 496 9024, daniellelaubscher317@gmail.com]
  Dirk Steyn [079 023 8539, dircoeste@gmail.com]
  Stanwin Street [079 525 5695, stanwins@gmail.com]

- **Gelegitimeerde proponente 2017**
  Jeanri Bezuidenhout [074 893 2836, jeanri.bez@gmail.com]
  Camille Castelyn [079 506 5117, camillecastelyn@gmail.com]
  Werner Smal [079 883 2729, wernersmal777@gmail.com]

❖ Ander gelegitimeerdes wat beskikbaar is om eredienste te lei

Gerhard Bothma *[082 412 3479, gerhard@drgerhardbothma.co.za]*

Ten slotte

Op 'n ligter noot…